SPRAAK EN DRAMA HG **NOVEMBER 2006**

VRAAG 1

Die kandidate het nie altyd hierdie vraag reg geïnterpreteer nie. Die vraag bestaan uit 3 dele, nl. teenspoed, oorwining en dramatiese spanning. Daar moes aan al drie hierdie aspekte aandag gegee word. Daar moet ook op die vraag gefokus word en nie net ‘n mengelmoes van inligting gegee word nie. Struktuur en logiese ordening van feite het ook ontbreek. Waak teen opstelonderwerpe wat uit die kop geleer word en nie die vraag beantwoord nie.

VRAAG 2

Die vraag oor menseregte is goed beantwoord. By vrae met KONTRAS (2.2.1 en 2.2.2) moet na beide kante ewe veel verwys word. Kandidate wat die drama by hulle leefwêreld laat aanpas, het 2.1.2 goed beantwoord. Let ook daarop dat by 2.2.3 slegs oor die militêre aspekte gevra word.

VRAAG 3

Kandidate het baie goed gevaar in hierdie vraag, veral diegene wat die teorie en prakties kon integreer. In vrae wat besonderhede en akkurate kennis van die tekste vereis, was dit soms gebrekkig, veral in *Olifant van Afrika*. Let weer op die KONTRAS by 3.2 en 3.3.

VRAAG 4

Hierdie vraag is uitstekend beantwoord. Grondige kennis van realisme was duidelik. Vraag 4.1.1 tot 4.1.4 het stelselmatig opgebou in moeilikheidsgraad en die kandidate kon hierdie spronge duidelik maak.

VRAAG 5

Die kandidaat moet bewys dat hy/sy ‘n artistieke konsep kan formuleer en motiveer. Hierdie vraag moet as geheel beantwoord word d.w.s alle aspekte van die beplande opvoering moet bymekaar aansluit. Daar moet na die teks verwys word om kennis van die drama te bewys.

VRAAG 6

Voor die hand liggende aspekte van hierdie teks is nie gegee nie. Kandidate moet ‘n grondige kennis van Epiese Teater hê en dit kan toepas op Kanna Hy Kô Hystoe. Vraag 6.2 sluit nie die beligting, rekwisiete, kostuums en klank in nie. Vrae 6.4.3 en 6.3.5 het kandidate uitdagend gevind. Hulle moes die aanhaling in die konteks van die hele drama plaas om die vrae te beantwoord.